# NUKKEBOLLE OF NIE?


**M**ET DIE HERDENKING van sy sewentigste bestaansjaar op 23 Oktober 1969 het die Nasionale Dieretuin in Pretoria 'n yslike verrassing gekry — 'n bul van 'n witrenosterbulkalfie. Dit was die eerste keer in die wêreldgeskiedenis dat 'n witrenostertjie in 'n dieretuin gebore is nadat paring ook in gevangenisskap geskied het. Die renostertjie is dan ook heel paslik „Sewentig" gedoop. In 1967 het die dieretuin ook geskiedenis gemaak met die eerste witrenoster wat in gevangenisskap gebore is. Paring het egter nie in die dieretuin plaasgevind nie.

„Sewentig" se ouers is sowat vier jaar gelede van die Hluhluwe-wildreservaat in Zoeloeland (Natal) na die Pretoriase Dieretuin gebring. Tans is daar sewe uitgegroeide witrenosters in die dieretuin.

Volgens dr. D. J. Brand, Direkteur van die dieretuin, is „Sewentig" op 'n taamlike streng dieet. Gedurende die eerste drie maande drink hy net moedersmelk. Daarna mag hy lusern vreet. Sy pa en ma kry soggens 50 pond groen lusern elk en smiddags dieselfde hoeveelheid droë lusern waaraan hy ook mag peusel. Om sy gesonde groei verder te stimuleer, ontvang hy slaai en geelwortels wat aangevul word met gebalanseerde pille wat minerale en vitamines bevat.


Vir „Sewentig" wag daar 'n blink toekoms as „ambassadeur" van Suid-Afrika. Wanneer hy behoorlik gespeen is, sal hy na die dieretuin van Antwerpe, België, gaan om die goeie betrekkinge en noue kontak wat Suid-Afrika met daardie dieretuinvereniging handhaaf, te verstewig.

'n Paar weke voor „Sewentig" se debuut het nog twee kreatuurtjies die eerste lewenslig in die Pretoria-dieretuin aanskou. Die keer was dit dwergseekoeitjies — 'n bulletjie en 'n koeitjie — die eerste om tydens die onderskeie ma's se **eerste** „bevalling" in gevangenisskap gebore te word. Die kalfie se moeder stam uit Wes-Berlyn terwyl die bulletjie



**Die Pretoria-dieretuin** se witrenosterkoei en haar spruit „Sewentig" — die eerste kalf wat na paring in gevangenskap in 'n dieretuin gebore is.

**Klein dikhuid** en sy dwergseekoeitjies. Twee dwergseekoeitjies ('n bulletjie en 'n koeitjie) het „Sewentig" se koms in die Pretoriase dieretuin voorafgegaan.



◀ **'n Amerikaanse toergroep** was gelukkig om die witrenosterbulkalfie 'n dag na sy geskiedkundige geboorte te besigtig. Die toerleier, dr. G. H. Pournelle (links) een van die kurators van die San Diego-dieretuin in Kalifornië, is hier in gesprek met dr. D. J. Brand, Direkteur van die Nasionale Dieretuin in Pretoria.

s'n van Hollandse afkoms is. Die ander twee volgroeide dwergseekoeie in die dieretuin kom oorspronklik van Basel en Washington onderskeidelik.

Die dwergseekoeitjies se dieet verskil min van dié van die witrenostertjie. Nadat hulle gespeen is, kry hulle nog halfgaar aartappels op die koop toe.

Die miniatuur-seekoeie (nie inheems aan Suid-Afrika nie) verskil heelwat van die gewone inheemse soort. Waar die dwergseekoei bv. tuis is op die land en selfs buite die water geboorte gee, hou die groter een meesal in die water waar die kleintjies dan ook gebore word.

„Sewentig" en sy dwergseekoeimaatjies se teling vorm deel van die Nasionale Dieretuin se konsensieuse wildbewaringsprogram, veral wat betref die skaarser spesies, waardeur die belange van Suid-Afrikaanse en buitelandse wildliefhebbers gedien word. * * *

